

AFRIKA, DIE ONBEKENDE.

DIE FEDERASIE VAN RHODESIE EN NJASSALAND.

I.

ENKELE GEOGRAFIESE BESONDERHEDE

Die grondgebied van die Federasie

Ligging en grootte:

van Rhodesië en Njassaland strek oor 14° 15' in 'n N.-S.-rigting (vanaf 22° 30' S. tot 8° 15' S.) en ongeveer vanaf 22° 0 tot 36° 0. Dit verteenwoordig afstande in albei gevalle van tussen 900 en 1000 myl.

Dit word begrens aan die noordekant deur Tanganjika en die Belgiese Kongo, in die suide deur die Unie van Suid-Afrika, wes deur Betsjoeanaland en Angola en oos deur Mosambiek. Dit besit dus 'n algehele binnelandse ligging.

Die grootte van die drie gebiede is soos volg:

Noord-Rhodesië	287,640 vk. myl.
Suid-Rhodesië	150,333 vk. myl.
Njassaland	49,000 vk. myl.
	(insluitende 12,000 vk. myl water).
Totaal:	486,973 vk. myl.

Vergelyk ons dit met die Unie van Suid-Afrika (472,359 vk. myl), dan sien ons dat die Federasie effens groter is. Onderstaande is 'n vergelyking tussen die groottes van verskillende gebiede van die Federasie met die provinsies van die Unie van Suid-Afrika.

Federasie	486,973 vk. myl.
Unie	472,359 vk. myl.
N. Rhodesië	287,640 vk. myl.
Kaap Provinsie	278,465 vk. myl.
Njassaland	49,000 vk. myl.
O.V.S.	49,866 vk. myl.
Suid-Rhodesië	150,333 vk. myl.
Transvaal	110,450 vk. myl.
Natal	33,578 vk. myl.

Fisiese Gesteldheid en Reënval:

In die fisiese bou van die Federasie is daar 'n aantal opvallende kenmerke. Bestudeer mens die fisiese kaart van Suid-Rhodesië, word die aandag direk op 'n paar uitstaande kenmerke gevestig:

1. Die plato wat van 'n suid-westelike na 'n noord-oostelike rigting strek.
2. Die oostelike hoogland op die grens van Mosambiek, wat in die omgewing van Inyanga by eersgenoemde plato aansluit.
3. Die laeveldstreek met sy groot aantal riviere wat noordwaarts dreineer na die Sambezi, o.a. die Mazoe, Sanyani, Sjangani, Gwaai e.a. Hulle vorm daar 'n radiale patroon wat voltooi word as die dreinerings van die volgende deel saam beskou word.

4. Die laeveldgebied aan die suidekant van die sentrale rug met sy riviere wat suidwaarts na die Limpopo en Sabi dreineer. Die Nuanetsi vorm hier 'n sytak van die Limpopo.
5. Van suid na noord loop deur die gebied, die bekende „Groot gang”, wat ten noorde van Darwindale as die Umvukwe-gebergtes voortgesit word.
6. 'n Belangrike kenmerk hier is natuurlik die Zambezi wat met sy sytakke verantwoordelik is vir 'n groot deel van die dreinerings van Suid- en Noord-Rhodesië.

Die grootste gedeelte van die gebied bestaan uit oppervlakte onder die 4,000 voet en daar word bereken dat selfs 30% van die totale oppervlakte onder die 3,000 voet is. Oor die grootste gedeelte van die gebied kom daar graniete aan die oppervlakte.

Die gronde van die gebied is meestal nou verwant aan die geologiese karakter van die rotse en nie soseer beïnvloed deur die klimaat en plantegroei nie. Die uitsondering is die swart vleigronde wat oor alle geologiese formasies gevind word. Oor die graniete word meestal die sandgronde gevind en oor die sjiste van die Hoëveld is daar donkerrooi leemgronde. Beide tipes lewer goeie voorwaardes vir die suksesvolle verbouing van mielies. Na die weste is daar die sandgronde wat onvrugbaar is (in die Gwaai-bekken), terwyl die gronde op die Karoolae — die Laeveldgronde — baie varieer in tekstuur en vrugbaarheid.

Wat die reënval betref is die neerslag minder in die weste (Matabeleland) as in die ooste (Masjonaland). Die volgende paar plekke se jaarlikse

reënval dui die toename na die Noord-ooste op die platogebied aan:

Bulawayo 23.7dm.; Gwelo 26.8dm.;

Gatooma 31.6dm. en Salisbury 32.3".

Beide noord en suid van die Hoëveld is daar 'n afname na die Laeveld. Suidwaarts in die Limpopogebied is dit minder as 15dm. Slegs 'n beperkte gebied in die ooste op die grens van Mosambiek kry oor die 60dm. reën per jaar.

Die twee gebiede, Noord-Rhodesië en Njassaland, word met ander dele saamgesluit om die Grootmere-plato te vorm. Dis veral die geval met Njassaland, wat met sy lang noord-suid strekking langs die Njassameer 'n inherente deel van die Slenkdalgebied vorm. Noord-Rhodesië se oostelike deel val ook saam met die plato, maar die dele na die weste kan eerder saam met die Katanga-provinsie van die Belgiese Kongo gegroepeer word.

Noord-Rhodesië het maar 'n baie klein gedeelte oor die 5,000 voet, wat dan ook verantwoordelik is vir sy geringe Europese neersetting. Hier ook weer vind ons dat, net soos in Suid-Rhodesië, die sentrale hoëre deel die waters skei, noord na die Kongo en suid na die Zambezi. Belangrik hier is die Luangwa, 'n sytak van die Zambezi, wat die oostelike deel van Noord-Rhodesië skei van die westelike deel. Die Muchinga beklemtoon nog verder hierdie skeiding.

Die Barotseland-protektoraat, geleë in die westelike deel van die gebied, word gedreineer deur die bolope van die Zambezi, terwyl die deel ten weste van die kopergebied deur die Kafue gedreineer word. Ook moet ons die noordelike gebied onderskei wat veral gekenmerk word deur die Bangweolomeer en -moe-

ras. Hier in die gebied kry ons die stryd tussen riviere wat noordwaarts vloei en die wat suidwaarts vloei om uitbreiding van hulle dreineringsgebied.

Njassaland, die mees noordelike gebied, lê aan die westekant van die Njassameer. Hierdie groot meer wat 360 myl lank is en 'n maksimum wydte van 60 myl het, is vir sy vorming afhanklik van grootskaalse verskuiwings wat vir die Groot Slenkdalsisteem verantwoordelik was. Die vlak van die meer is 1,520 voet en dit bereik 'n diepte van 2,200 voet. Sy vloer lê dus bykans 700 voet onder die seevlak — dit dui die groot omvang van die verskuiwings aan. Die meer dreineer deur die Shirerivier na die Zambezi.

Kenmerkend van die deel is sy omvangryke plato's met hulle plat toppe. Voorbeelde hiervan is die Mlanje (8,000 vt.—9,000 vt.) met kranse van 6,000 voet hoogte, terwyl die Zombaplato ook ten suide van die meer, platorande van 3,000 vt. besit. Ten weste van die meer lê twee groot plato's nl. die Nyikaplato en die Vipyaplato wat onderskeidelik 7,000 vt.—8,000 vt. en 6,000 vt. bo die algemene vlak van 4,000 vt. uitstyg.

Die reënval van die twee gebiede is heelwat hoër as die van Suid-Rhodesië. Die gelyke reënvalgordels lê meestal oos-wes georiënteer met die hoogste hoeveelheid (bo die 60 dm.) aan die noord-westekant van die Njassameer. Die grootste gedeelte van die gebiede kry dan ook meer as 30 dm. per jaar. Livingstone in die suide kry 26.7 dm., Broken Hill 37.1 dm. en Zomba 52.6 dm. per jaar. Dit is 'n stelselmatige toe-

name na die noorde en 'n betroubaarder verspreiding. Die reënval kom dan ook grootliks gedurende die somermaande.

Aanwesigheid van Minerale:

Suid-Rhodesië:

Reeds in 1865 is goud ontdek of herontdek in Suid-Rhodesië. Daar is duisende van die ou myne gevind, maar meestal kon hulle nie dieper as die grondwatervlak ontgin word nie. Suid-Rhodesië het dan ook 'n groot verskeidenheid van minerale. Geassosieer met die Groot gang wat N.-S. vir 'n 350 myl strek, is daar ryk voorkomste van hoëgraadse chroom en asbes asook platien en nikkel. Parallel aan die gang lê ten weste en ooste die goudmyne. Die rykstes kom aan die westelike kant voor. Verdere voorkomste van minerale is soos volg:

Koper en mika — noord van Sinoia.
Koper, fosfaat, Lithium — tussen Fort Victoria en die oostelike grens.

Tin — in die Dettgebied.

Ystererts — in die Bukwegebergte op die nuwe spoorweg.

Asbes (Christolielasbes) van hoë kwaliteit te Shabani en Mashaba.

Steenkool: Dit kom op baie plekke voor, maar word net uitgehaal te Wankie 220 myl noord-wes van Bulawayo. Daar is ontsettende groot reserwes, veral van 'n kooks-kwaliteit.

Goud: die grootste myn is die te Eiffel Flats by Gatooma.

Die goudmynbedryf is hoofsaaklik die van die kleinwerker, maar daar kom nou ook verandering deurdat die groot mynmaatskappye self die prospekteerwerk laat doen.

Noord-Rhodesië:

Daar word veral aandag aan die herwinning van sestien minerale geskenk waarvan vier van ekonomiese belang is, nl. kobalt, koper, lood en sink. Ook is kalksteen, mangaan en silwer van belang.

Die uithaal van koper in die noordelike dele het reeds al in 1921 'n aanvang geneem en teen 1953 was Noord-Rhodesië die tweede grootste produsent in die wêreld. Die vernaam-

ste myne is Bancroft, Chibuluma, Mufulira, Nchanga, Nkana, Roan Antelope. Sekere van die myne is onaktief op die oomblik.

Njassaland:

Hier het nog maar min mynaktiwiteite plaasgevind, alhoewel daar al vir heelwat minerale geprospekter is. Die bauxiet-afsettings van Mlanje en Zamba is van belang vir die aluminiumindustrie. Naby Blantyre is daar ystererts ontdek; verder is niobium van belang.

J. S. VAN DER MERWE.

P.U. vir C.H.O.
